

# Gereformeerde Kerk Bellville – 20 Desember 2015 – Oggend

## Sing vooraf staande: Skrifberyming 7-2:1, 2

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!  
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.  
Buite bly die bose staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!
- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.  
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”  
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 97:1, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,  
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.  
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;  
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 7 Gods vriend'like aangesig / straal vrolikheid en lig  
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.  
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!  
Verheug u in die Heer! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

## Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

## Psalm 97:4, 5 (p. 485)

- 4 Beskaamd word alle siel / wat voor die beelde kniel,  
met lofwoord en gebede / gerig tot nietighede.  
Hoog bo hul sit die HEER; / Hy's God, en niemand meer!  
Hul buig hul, diep en stom, / die ganse godedom, / voor God se grootheid neer.
- 5 Maar Sions burg die hoor, / et Juda's dogterkoor,  
en jubel van verblyding, / wanneer die oordeelstydning  
oor Juda's berge kom. / Dan swyg die vyand stom,  
want God, die hoogste HEER, / Hy sit en – triomfeer / oor lae godedom.

Gebed

## Psalm 110:1, 5 (p. 550)

- 1 Die HEER is dit wat tot my HEER gespreek het: / “Sit aan my regterhand as hoogste HEER,  
tot Ek u vyand in sy mag gebreek het, / hom werp as voetbank voor u voete neer.
- 5 Groot-Priester wat die HEER so hoog geëer het / dat U kan opstyg tot die hoogste trap –  
U is dit na die eed wat God gesweer het, / na Melgisédeks eewige priesterskap!

**Skriflesing:** Matteus 22:41-46; Psalm 110

**Kernverse:** Psalm 110:1, 4

**Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.**

**Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. (Psalm 110:1, 4 AFR53)**

**Tema:** Jesus Christus ons koninklike Hoëpriester

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het die afgelope drie weke na drie van die helder profetiese sterre in die Ou Testament gekyk wat op die bestemde tyd blink en helder bokant Betlehem geskyn het waar ons Here Jesus gebore is. In Genesis 3 het die Heilige Gees ons verseker dat Jesus die Een uit die nageslag van die vrou is wat die slang se kop kom vermorsel het. In Genesis 49 het ons die profetiese stem van Jakob gehoor toe hy aan-gekondig het dat ons Verlosser die Leeu uit die stam van Juda is. Hy is waarlik die ewige Koning wat die verlostes deur die verlossing bewaar wat Hy vir hulle verwerf het. Verlede Sondag het ons vanuit Deuteronomium 18 gehoor dat ons Verlosser ook die hoogste Profeet is wat die verlossing wat God beplan het aan ons verkondig.

Jesus is deur God met die Heilige Gees gesalf om ook ons enigste Hoëpriester te wees. Die verlossing wat Hy verkondig het, het Hy self aan die kruis kom bewerk. In ons psalm vanoggend hoor ons die profetiese stem van Dawid wanneer hy verkondig dat God die profetiese belofte met 'n eed bevestig het dat die Here Jesus vir ewig priester sal wees volgens die orde van Melgisédek.

In hierdie kort reeksie het die Heilige Gees ons telkens daarop gewys dat ons nie by die geboorte van Jesus moet stilstaan nie. Ons moet nooit net daaraan dink dat Jesus die klein Babatjie in die krip in Betlehem is nie. Ons moet regtig weet en vertrou dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God.

Tydens die laaste onderrig wat Jesus in die tempel in Jerusalem gegee het, was die Fariseërs weer rondom Jesus en sy dissipels vergader. Hy het toe vir hulle gevra:

**Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?** (Mattheus 22:42a AFR53)

Hulle het dadelik die regte antwoord op hierdie vraag kon gee. Hulle het geantwoord dat Hy Dawid se seun is. Maar dit is sover as wat hulle regte antwoord gestrek het.

Volgens hulle verstaan van die Skrif sou die Christus – of Messias, soos hulle Hom in Hebreeus genoem het – net 'n baie belangrike mens wees uit die nageslag van Dawid. Hy sou op die troon van Dawid sit en weer vir Israel die koninkryk oprig. Hulle het nie en wou nie verstaan dat die Christus ook ware God is nie. En dit is oor hierdie kortsigtigheid van hulle oor die profetiese beloftes van die Here dat hulle nie kon en wou insien dat Hy wat voor hulle staan die beloofde Messias is nie. Hulle was op die punt om Jesus as hulle Messias te verwerp omdat hulle verkeerd verstaan het.

Jesus het geweet dat hulle 'n verkeerde begrip van die Christus het, maar Hy wou hulle met die Woord help om die regte begrip te kry. Daarom het Hy aan hulle hierdie lewensbelangrike vraag gevra: **Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?** Op hulle korrekte antwoord vra Hy hulle verder:

**Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem?** (Mattheus 22:43b AFR53)

En dan haal Jesus die eerste vers van Psalm 110 aan. Met dié aanhaling het Hy hulle gelei om raak te sien dat die Christus nie net Dawid se seun is nie, maar dat Hy tegelyk ook Dawid se Here is. En as Hy Dawid se Here is, beteken dit dat Hy ook hulle Here is voor wie hulle moet buig.

Hierdie vraag van Jesus is vir my en jou net so lewensbelangrik. Laat ons daarom vir 'n oomblik eers vergeet van al die vrae waaraan ons kan dink wat vir ons so belangrik is. As ons eers die regte antwoord op Jesus se vraag het en begryp, sal ons antwoorde op al

ons belangrike vrae kry onder die gesag van sy Woord. Profeties verkondig Dawid omtrent 'n duisend jaar voor die geboorte van Jesus dat die Christus die koninklike Priester is.

Net voordat ons verder gaan om te sien en te hoor hoe 'n Koning en Priester die Christus is, moet ons net eers dit sê. Uit Jesus se eie mond hoor ons dat Psalm 110 uitsluitlik oor Hom as die Christus handel. Hier word nie van 'n menslike koning of priester gepraat nie. Hier word net van Jesus Christus alleen geprofeteer. Daarom kan ons met oortuiging die mense wat anders dink oor hierdie psalm reghelp. Jesus sal nie iemand om die bos probeer lei nie. Hy wys dan juis uit hierdie psalm vir die Fariseërs aan wie Hy werklik is, sodat nie een van hulle ooit sal kan sê dat hulle nie geweet het dat Jesus die Christus en die Here is nie.

Geïnspireer deur die Heilige Gees spreek Dawid van die gesprek tussen twee Persone van die Drie-enige God. Wanneer ons dit hoor, klink dit dieselfde, maar as jy die voorreg het om 'n '53-vertaling te hê, sal jy die verskil kan raaksien.

**Die HERE het tot my Here gespreek: (Psalm 110:1a AFR53)**

Die eerste *HERE* is die Naam *Jahwe* – dit is die Naam van God wat Hy aan Moses bekend gemaak het. Die tweede *Here* is die vertaling van die Naam *Adonai* wat ook met *Here* vertaal word.

Vanuit hierdie psalm het die Fariseërs die regte antwoord op Jesus se vraag kon gee. Die Christus is uit die nageslag van Dawid. Jesus gee hulle gelyk, want die Christus is inderdaad 'n ware mens gebore uit die nageslag van Dawid. Maar hulle het nie die volle insig in hierdie psalm nie. En dit is wat Jesus vir hulle wys wanneer Hy verder vra:

**Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem? (Mattheus 22:43 AFR53)**

Die Christus is inderdaad mens, maar Hy is nie net mens nie. Hy is ook Here. Hy is een in wese met die Vader. Hy is dus tegelyk ook ware God.

Die Fariseërs het oor hierdie waarheid gestruikel dat die Christus tegelyk ware mens en ware God is. Omdat hulle nie wou verstaan dat die Christus ook God is nie, het hulle Jesus verwerp. Ongelukkig het hierdie dwaling van die Fariseërs nog nie tot niet gegaan nie. Daar is vandag steeds mense wat nie wil aanvaar en glo dat Jesus ware God is nie. Hulle hou vol dat Hy net 'n baie goeie en voorbeeldige mens is. Daarom onderwerp hulle hulleself nie aan sy heerskappy nie.

Die volgende wat ons leer van die Christus is dat Hy verhef is tot aan die regterhand van God. Nadat Jesus Christus as enigste Hoëpriester die volmaakte offer aan die kruis gebring het, het die Vader Hom verhoog. Eers het Hy Hom uit die dood opgewek en veertig dae later het Hy Hom tot in die hemel aan sy regterhand verhoog. En as bewys dat Hy aan die regterhand van God sit, het Hy vyftig dae na sy opstanding en tien dae na sy hemelvaart die Heilige Gees op Pinksterdag op sy kerk uitgestort, want Hy het alle mag in die hemel en op die aarde. Onder leiding van die Heilige Gees het Petrus dan ook op Pinksterdag verkondig dat God vir Jesus wat deur die Jode gekruisig is Here en Christus gemaak het (Hand 2:36).

Psalm 110 verkondig aan ons wie Christus regtig is – Hy is ware mens en ware God. En ons hoor ook waar Christus nou is. Hy is aan die regterhand van God in die hemel omdat Hy eens en vir altyd die volmaakte offer ter versoening en verlossing gebring het. Aan die regterhand van God is Christus ook die Hoof van sy kerk wat Hy deur sy Gees en Woord regeer en versorg en beskerm.

Die mense wat die Christus se koningsheerskappy erken, dien Hom gewilliglik as hulle Koning. Dit is die mense wat Hy verlos het en aan wie die Heilige Gees die geloof geskenk het. Hierdie mense word ook die krygsmag van die Christus genoem. Maar hulle trek nie uit geklee in soldate-uniform nie. Hulle is geklee in heilige feesgewade – priesterlike klere. Want die oorlog waarin hulle vir hulle Koning uittrek, is nie gevegte waarin hulle met wêreldse wapens optree nie. Trouens, dit is nie hulle oorlog nie; dit is hulle Koning se oorlog. En Hy het reeds die oorwinning aan die kruis behaal toe Hy die slang se kop vermorsel het. Hulle trek uit met die wapenrusting waarvan ons lees in Efesiërs 6. En wanneer hulle daardie wapenrusting aanhet en doen wat hulle Koning van hulle verlang, sien hulle self hoe die Heilige Gees nog meer en meer mense op hulle knieë voor die Koning bring, wanneer daardie uitverkorenes hulle sonde bely en vergifnis in die Naam van Christus ontvang.

Maar nie almal teenoor wie die Koning sy krygsmag laat uittrek, kom tot oorgawe aan Hom nie. Daar is ook vyande van Koning Christus in hierdie wêreld – dit is mense wat onder gesag van die Satan planne beraam teen die Woord van God en wat die kerk van Christus tot niet wil maak. Die oorlog is egter reeds op Golgota gewen deur Christus. Daarom belowe God die Vader aan sy Seun dat sy vyande nog almal die voetbank vir sy voete sal word. Diegene wat hulle nie nou gehoorsaam buig voor die ewige Koning nie, sal op die laaste dag voor Hom neergewerp word, nie om Hom te dien nie, maar om tot skande van hulleself die voetbank van Christus te word. Dit is nie 'n kwessie of hulle die voetbank van Christus gaan word nie. Dit is net 'n kwessie van wanneer, want hulle vonnis is reeds uitgespreek. Hulle sal die voetbank van die Christus word.

Deur Dawid het God die Vader ook die plegtige belofte gesweer dat die Christus priester sal wees volgens die orde van Melgisédek. En die Vader sal nooit berou hê oor hierdie belofte wat Hy met 'n eed bevestig het nie.

Dit is as gevolg van hierdie hoëpriesterskap van Christus dat sy krygsmag in heilige feesgewade kan wees. As Hoëpriester het Hy hulle met sy kosbare bloed skoongewas om konings en priesters in sy diens te wees. Maar kom ons let op watter waarde Christus se priesterskap volgens die orde van Melgisédek het, soos wat die Heilige Gees dit in die brief aan die Hebreërs vir ons duidelik maak.

In die Skrif leer ons van twee priesterlike ordes. Daar is die orde van Aäron en die orde van Melgisédek. Christus se hoëpriesterskap volgens die orde van Melgisédek is meer as die priesterskap volgens die orde van Aäron. Eerstens is Christus vir ewig Hoëpriester. Die priesters volgens die orde van Aäron kon net tydens hulle lewe hier op aarde priesters wees. Sodra 'n hoëpriester gesterf het, moes iemand anders in sy plek as hoëpriester voortgaan. Daarby was die hoëpriesters volgens die orde van Aäron almal sondaars. Hulle moes eers versoening vir hulle eie sondes verkry voordat hulle versoening kon doen vir die volk. Christus daarteenoor is sondeloos. Hy doen slegs vir die volk van God versoening, want Hy is die volmaakte Hoëpriester en daarom ons enigste Hoëpriester.

Tweedens is die offer wat Christus as Hoëpriester aan die kruis gebring het die volmaakte en enigste offer wat werklik die sondes wegneem. Al die offers wat die priesters volgens die orde van Aäron gebring het, was belangrik, maar dit het tekortgeskiet. Die bloed van bulle en bokke kan onmoontlik mense se sondes afwas. Slegs die bloed van Christus kan mense se sondes wegneem, want Hy is ware mens en Hy is regverdige mens.

Derdens is die offer van Christus as Hoëpriester volmaak, want Hy het net nodig gehad

om een maal aan die kruis te sterf. Vir eens en vir altyd het Hy die prys vir die sondes met sy lewe betaal. Daarom sit Hy nou in die hemel aan die regterhand van God, want sy verlossingswerk is volledig afgehandel. Die priesters volgens die orde van Aäron moes jaar na jaar dieselfde offers bring omdat die bloed van diere nie sondes kan wegneem nie.

'n Duisend jaar voor die geboorte van Jesus het God al plegtig met 'n eed belowe dat die Christus priester sal wees volgens die orde van Melgisédek en die Here sal nooit berou kry oor sy belofte nie. Sy Seun is die volmaakte Hoëpriester en Hy het die volmaakte offer aan die kruis gebring. Daarom het die Vader sy Seun ook uit die dood opgewek en verhoog tot aan sy regterhand in die hemel.

Geliefdes, Jesus maak Homself by monde van Dawid aan ons bekend as die Koning wat die verlostes bewaar deur die verlossing wat Hy vir hulle verwerf het. Soos met die Fariseërs sê Hy dit ook vir ons sodat ons sal erken en bely dat Hy ware mens is en ook ware God aan wie ons onself behoort te onderwerp. Wie in hierdie lewe homself volhardend teen die Here Jesus se koningsheerskappy verset, sal op die laaste dag gedwing word om in skaamte en vernedering voor Hom te buig en deel van sy voetbank te word.

Om jousef aan Koning Jesus te onderwerp is 'n lewenslange proses. Mag die Heilige Gees elkeen van die ware kinders van God so lei om elke dag nog meer en laer voor Jesus te buig. 'n Mens kan jousef immers nie 'n Christen noem as jy nie Jesus se heerskappy oor jou erken en uitleef nie.

Aangesien Jesus die volmaakte Hoëpriester is wat die volmaakte offer eens en vir altyd aan die kruis gebring het, moet elkeen wat Jesus as sy Verlosser bely, hierdie verlossing deur die geloof aanvaar. Daar is niks meer wat 'n verlostes moet doen om verlos te word nie. Al verantwoordelikheid wat oorbly is om in dankbaarheid aktief te wees in die krygsmag van Christus. En as die verlostes hoor hoe hulle aangekla word, kan hulle in nederigheid hulle beroep op die kosbare bloed van Christus. Hy weet hoe die verlostes sukkel onder ver-soekings, want Hy is in alle opsigte ook versoek, maar Hy het nie gesondig nie. Daarom het Hy medelye met elke verlostes wat gebuk gaan onder versoekings.

Geliefdes, laat ons nadink oor die vraag wat Jesus aan die Fariseërs gevra het: **Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?** Ons is begenadig deurdat die Heilige Gees aan ons helder insig in hierdie psalm gegee het. Christus is die Seun van Dawid en die Seun van God. Hy is ewig Koning en die enigste Hoëpriester. Maar nog belangriker is die vraag: Is Christus *jou* Koning en *jou* Hoëpriester?

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 6-2:2, 3 (12:2, 3)

- 2 Nou sal die duiwel nimmermeer / kan opstyg uit die diepte<sup>o</sup>mlaag,  
nou sal hy hier ook nimmer weer / Gods uitverkoornes kan verklaag.  
Vors Migaël – die tyd was ryp / dat hy tot kragdaad aangegord,  
die Satan in sy vuis sou gryp / en in die afgrond neer sou stort.
- 3 Die Lam wat hul laat triomfeer / sy bloed het hul gedek as skild  
en al die pyle afgeweer. / En hul getuig'nis, nooit gestild,  
dit was hul wapen in die stryd. / Hul het hul lewe<sup>o</sup>as hoogste skat,  
in mart'laarskap en dure tyd, / tot in die dood nie liefgehad.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
20 Desember 2015